## DEEL II : KRITIESE BESKOUING

### HOOFSTUK 12 SY UITGANGSPUNT EN PROBLEEMSTELLING

1. Inleiding. Om binne die bestek van hierdie werk 'n volledige kritiek te lewer op Cassirer se antropologie soos saamgevat in sy "An Essay on Man" is 'n onbegonne taak. Soos reeds in die inleiding gesê is, is hierdie boek 'n beknopte samevatting van feitlik al sy werke en sou 'n kritiek hierop die hele terrein van die filosofie moet dek. Ons bepaal ons dus by hoofpunte van kritiek en by daardie aspekte wat van opvoedkundige belang is. In Deel III word die laasgenoemde verder aangevul.

Die kritiese beskouing sal dan die volgende gang of skema volg: Die eerste hoofstuk van hierdie deel sal handel oor sy uitgangspunt en probleemstellings, dit wil sê sy prinsipieelbepaalde denkbeeld waarmee hy sy veld van ondersoek benader. Die tweede hoofstuk handel oor sy mensbeskouing wat insluit sy bepaling van wat die verskil tussen mens en dier is. Die derde hoofstuk sal handel oor sy beskouing van die simbool en sy funksie. Die vierde en laaste hoofstuk van hierdie deel sal handel oor die mens en sy kultuur en hier sal die verskillende kultuursektore bespreek word.

2. Die Transendentalisme. Soos reeds gesê is kan Cassirer onder die Marburgse Neokantiane gereken word. In navolging van Kant is hulle transendentaal in hulle beskouing van hoe die mens tot kennis van die werklikheid kom. In teenstelling met die afbeeldingsteorie wat beweer dat kennis 'n afbeelding van die ervaring is en dat waarheid 'n ooreenstemming tussen denke en syn is, kom Kant met 'n kopernikaanse omwenteling in sy benadering van hierdie probleem. In plaas van om met die dinge te begin en te ondersoek hoedat die verstand daarom draai, word nou met die verstand begin en ondersoek hoedat dinge daarom draai. Die mens se gees en verstand word ondersoek om 'n insig te verkry van hoedat hy tot kennis van die wêreld en van homself kan kom. Met hierdie rasionalistiese in plaas van empiristiese benadering probeer Kant aantoon dat kennis algemeengeldig en noodwendig kan wees. Hy soek dus in die gees van die mens na die voorwaardes wat algemeengeldige en noodwendige kennis moontlik maak. In sy ondersoek van die denke kom Kant tot die gevolgtrekking dat die oordele waartoe die mens kom en die verhoudings wat hy met sy denke blootlê, sintetiese funksies is. Uit hierdie sintetiese funksies moet hy diegene gevind word wat vir algemene en noodwendige kennis a priori is (aanskouingsvorme en kategorieë).

In die vorming van kennis vanuit hierdie transendentale grense verdwyn die "Ding an sich", die syn, die werklikheid. Al wat oorbly is die transendentale visie van hoe kenne, dit wil sê denke, in die menslike gees self algemeengeldige en noodwendige kennis sinteties-apriories vorm. In die chaos van gewaarwordinge bring die twee aanskoingsvorme van ruimte en tyd orde en vorm en bewerkstellig sodoende 'n ruimtelik en tydelik geordende wêreld van fenomena. Die gewaarwordinge mag wees wat dit wil,

77./ maar die ruimtelike.....

maar die ruimtelike en tydelike vorms of funksies per se is apriori en sinteties en ook vas en konstant. Die gees skep 'n menslike wêreld, met sy eie orde, funksioneel. Kennis van die werklikheid is dus nie 'n afbeelding daarvan nie, maar die wêreld soos deur die mens geken is 'n skepping van sy eie gees. Waarheid is dus vir die transendentale beskouing nie ooreenstemming tussen denke en syn nie, maar die grond van die waarheid lê in die subjek self; nie in die syn nie maar in die bewussyn.

Die vraag onstaan nou wanneer is denke dan geldig en wanneer is kennis in ooreenstemming met die waarheid. Die antwoord hierop is 'n baie duidelike openbaring van die transendentale visie. Waarheid en geldigheid van kennis en denke is gegee wanneer sintetiese aprioriese eenheid funksioneel bewerkstellig word in 'n menigvuldigheid van fenomena. Hierdie ordening geskied volgens 'n immanente, aprioriese wetmatigheid. Objektiewe geldigheid van individuele denke bestaan wanneer dit geskied volgens die aprioriese vorme en norme wat in die gees of bewussyn self lê. Omdat hierdie sintetiese aprioriese vorme en norme algemeengeldig of noodwendig is, is daar algemeengeldige en noodwendige kennis moontlik onafhanklik van individuele kenne.

Die transendentale metode soek dus in die menslike gees daardie voorwaardes wat kennis moontlik maak. Omdat dit die werklikheid buite die mens self uit die oog verloor, skep die menslike gees sy eie menslike wêreld en skryf aan hierdie wêreld sy orde en wette voor.

Nie die Kantiaanse en Neokantiaanse kennisleer nie en ewemin die afbeeldingsteorie gee onses insiens 'n bevredigende verklaring van hoe die mens tot kennis van die werklikheid kom, alhoewel elkeen sy bydrae lewer.

Eersgenoemde omdat hulle aan die menslike rede 'n outonomie toeskryf wat dit nie besit nie. Die menslike rede en verstand is ons **elfgenoegsaam** want die mens kan net ten dele ken. Die mens is in sy rede aan Gods wet onderworpe sowel as gebonde aan die kenbare.

Kennis is andersyds ook baie meer as enkel afbeelding van die werklikheid. In die kenbare self lê die potensiële kenbaarheid opgesluit en die mens moet hierdie potensialititeit of verborgenheid aktualiseer. Hierin lê die waarheidsmoment en die bestaansreg van die transendentale analise. Die afbeeldingsteorie kan nie hierdie vraagteken agter die kenbare - die potensiële openbaarbaarheid daarvan - erken nie.

In die kenbare, die fanerotiesgegewene, heers 'n orde en wetmatigheid wat die mens met sy kenne kan blootlê - trouens, dit is die roeping van die mens, 'n taak wat aan hom opgedra is, 'n vraag waarop hy 'n antwoord moet gee.

Kennis word dus enersyds bepaal deur die kenbare met sy eie ontiesbepaalde verborge samestelling, orde en wetmatigheid en andersyds deur die menslike gees wat die kenbare tot kennis omvorm. Omdat Kant en sy opvolgers in hulle kenteorie al die klem op die laasgenoemde laat val en omdat hulle ten gevolge van hulle transendentale siening nie die eersgenoemde aanvaar nie, kan hulle kennisleer nie bevredig nie.

78./ 3. Sy uitgangspunt. ....

3. Sy Uitgangspunt. Ook Cassirer begin by die mens en die spesifiek menslike. In die ondersoek van die spesifiek menslike (dit wil sê sy geestelike bestaan) soek hy na die transendentale voorwaardes wat hom tot mens maak en hom in staat stel tot kultuurskepping. Met ander woorde: hy wil vasstel hoedat die mens kragtens die fundamentele funksies in sy eie gees sy eie menslike wêreld skep.

Hy verskil egter van Kant. Hy bepaal hom nie net by die transendentale metode nie maar gebruik ook ander, veral die genetiese. Hy stel hom byvoorbeeld die vraag van hoe die menslike kultuur ontwikkel en vanuit hierdie ontwikkeling wil hy dan die mens verklaar. Op die fundamentele vraag van hoe die mens as mens onstaan het, gee hy egter geen antwoord nie. Die koppeling van die transendentale metode met die genetiese verplig hom om vas te stel waarheen die mens gaan en so moet hy in die genetiese proses die teleologiese soek. Hy vind dan ook die antwoord in die selfbevryding wat die mens verwesenlik in sy transendentale ordeskepping (differensiasie in die kultuurskepping, toenemende vergeesteliking daarin, ens.). Omdat hy egter die genetiese metode ondergeskik stel aan die vooropgestelde transendentale metode is sy interpretasie van die genetiese eensydig en kan hy nie volle reg daaraan laat geskied nie. Dit word veral duidelik as ons sy ontleding van die menslike kultuur in die verskillende kultuursektore nagaan.

Cassirer se siening van die mens is ook heel anders as díe van Kant. Vir Kant is die mens 'n animal rationale, uitsluitlik 'n redewese wat a priori sinteties orde tot die chaos van waarnemings en tot die fenomenon toevoeg. Vir Cassirer is die mens 'n animal symbolicum en sy simboolvorming is kwalitatief iets anders as die genoemde aprioriese-sintetiese funksie van Kant.

Cassirer onderskei die mens van die natuur en sien in die mens 'n vrye, self- en wêreldbepalende wese met die natuur as middel tot hierdie self- en wêreldvorming.

Teenoor hierdie antroposentriese beskouing van Cassirer handhaaf ons 'n radikale teosentriese beskouing. Uit God, deur God en tot God is álle dinge. Hy het die heelal geskape met 'n groot wesensverskeidenheid maar waarin ook 'n groot eenheid lê. Hierdie skepping het Hy bedeel met 'n wetmatigheid en orde wat ewig bestaan, buite en onafhanklik van die mens. Behalwe hierdie algemene openbaring in die natuur het God Hom ook op 'n besondere wyse in die Skrif aan die mens geopenbaar. Alhoewel Gods Woord nie 'n wetenskaplike handboek is nie moet die Christengelowige in sy wetenskapsbeoefning daarmee rekening hou.

God het ook die mens geskape, 'n aardse wese wat saam met die stof, plant en dier deel is van die skepping. Maar Hy het ook die mens na die beeld van God geskape en hom geroep om tot eer van God oor die natuur te heers. In hierdie roeping moet hy die rykdom van potensialiteite wat God in die skepping gelê het verwerklik en so as medearbeider van God Sy ewige raadsplan verwesenlik. Om dit te kan doen is die mens met besondere

79./ gawes en vermoëns .....

gawes en vermoëns bedeel. Dit sluit in die vermoë tot selfkennis waarin hy bewus word van die heersersmag in hom; dit sluit in die vermoë of gawe om met sy medemens gemeenskap te hê en om hierdie gemeenskap sistematies te orden in sedelike, juridiese, ekonomiese, sosiale, ens. verhoudings; dit sluit in die vermoë om orde en wetmatigheid in die skepping te ontdek, bloot te lê en in nuwe verhoudings wat hy daarstel sy roeping as heerser uit te voer - dit is hierdie vermoë wat die transendentaliste verkeerdelik sien as die vermoë van die mens om 'n menslike wêreld met sy eie orde te skep. In die beoefening van sy godsdiens, in die vorming van sy taal, kuns en wetenskap, ens., dit wil sê in sy kultuurskepping moet hy met hierdie wêreld buite hom kontak maak en hy is gebonde aan die wetmatigheid, orde en sin wat aan die werklikheid buite hom eie is.

As Cassirer dan met sy transendentale visie, in sy ondersoek na die mens nie hierdie orde en wetmatigheid in ag neem nie, kan hy nooit tot volle waarheid kom nie. Enersyds moet die mens in sy kultuuraktiwiteite die werklikheid buite hom in diens en tot eer van God aktualiseer, dit afbeeld en daarmee ooreenstem en andersyds is die mens as kreatuurlike wese aan daardie werklikheid met sy godgegewe wetsorde onderworpe.

Cassirer het heeltemal gelyk as hy sê dat die mens se kennis nie maar net 'n totaliteit van sy sintuiglike indrukke is nie. Daar kom 'n aktiwiteit van die menslike gees by (from inside to outside) ; daar is interpretasie, begripsvorming, sistematisering, klassifisering, verhoudingsbepalings, ens., ens. Hierdie aktiwiteit van die menslike gees is egter nie ordeskeppend nie maar ordeontdekkend : 'n godgeskape orde wat God in die Skrif en in die natuur openbaar.

"Ons gebruik alle aangewese metodes, erken ook die betreklike en beperkte reg van die transendentale metode, maar sien nog as die mees fundamentele metode die fanerokritiese wat van die openbaring van die skepping (en daarmee van die mens in die skepping) uitgaan."[1]

4. Sy Probleemstelling. Die grondvraag wat Cassirer hom stel om op te los in "An Essay on Man" is; Wie is die mens? In sy antwoord wil hy dan vasstel hoe hierdie mens tot vryheid kom en hoe kan die eenheid van die mens transendentaal verklaar word. 'n Massa feite is deur aanverwante vakke versamel (Sielkunde, Etnologie, Antropologie, Sosiologie, ens.) maar al hierdie gegewens saam het nog nie die mens verklaar nie. "We appear, nevertheless, not yet to have found a method for the mastery and organization of this material. When compared with our own abundance the past may seem very poor. But our wealth of facts is not necessarily a wealth of thoughts. Unless we succeed in a finding a clue of Ariadne to lead us out of this labyrinth, we can have no real insight into the general charachter of human culture; we shall remain lost in a mass of disconnected and disentegrated data which seem to lack all conceptual unity."[2]

In sy probleemstelling gaan hy dus uit van die veronderstelling dat daar 'n draad van Ariadne nodig is om al hierdie gegewens wat betreffende

80./ die mens versamel ....

1. H.G. Stoker: Onuitgegewe aantekeninge
2. E.o.M., 22.

die mens versamel is, te interpreteer en dat die mens sonder so 'n aanduiding onverklaarbaar is. As hy dan uiteindelik so 'n aanduiding vind, naamlik simboolvorming, beland hy in 'n uiters eensydige en humanistiese beskouing want hy wil die mens verstaan net vanuit simboolvorming; hierin lê die wese van die mens vir hom opgesluit.

Uitgaande van ons standpunt, berus hierdie probleemstelling van Cassirer op 'n valse grondslag. Ons het nie 'n draad van Ariadne nodig om die mens te verstaan nie. So'n draad word vir ons in die Skrif aangedui. Dit wil egter nie sê dat die mens vir ons 'n oop boek is nie. Net soos die eenheid,of liewer die harmonie, tussen die mens èn die res van die skepping met die sondeval verbreek is, so is die innerlike eenheid en harmonie in die mens ook versteur. Die resultaat hiervan is botsings en konflikte tussen mens en natuur, mens en mens sowel as in die mens self. As gevolg hiervan is sy opdrag om oor die skepping te heers ontsaglik bemoeilik. Hierdie sondeval van die mens word op al die verskillende terreine as abnormaliteite geopenbaar. Ons noem hier enkeles. In sy liggaamlike bestaan is hy onderhewig aan siekte en dood; in sy kultuur vind ons die nadelige, die onlogiese, die onware, die lelike, die onreine, ens.; in sy wilslewe is hy onbekwaam tot enig goed; in sy gevoelslewe onstabiel en beheers deur sy emosies; in sy kenlewe sien hy soos deur 'n spieël in 'n raaisel. In 'n studie van die mens moet die vraag dus nie wees wie wat is die mens nie maar wat het die mens as gevolg van die sondeval geword.

Ons kan ook vra hoe kan die mens tot vryheid kom, maar met vryheid bedoel ons iets heel anders as Cassirer. Volgens Cassirer verwerf die mens selfbevryding deur middel van sy simboolskepping, negatief deur hom los te maak van die bande van die natuur en positief deur die vergeesteling van die mens en natuur (ideation). Vir ons is die vryheid op kiesmoontlikheid gegrond, negatief deur die kwade te versaak en positief deur 'n aktiewe strewe. Die verwerwing van vryheid lê op die weg van wetsgehoorsaamheid in die vervulling van ons roeping in diens aan God en in die skepping van kultuur (natuur en mensbeheersing). Gebondenheid beteken vir Cassirer gebondenheid aan die sinnelike (sensuous) terwyl dit vir ons sondebevangenheid is.

Tereg het Cassirer 'n probleem om die eenheid van die mens te verklaar. Vir ons bestaan so 'n probleem nie, want ook hier is vir ons die weg in die Skrif aangedui. Die eenheid van die mens lê nie in die kosmos en die funksies van die mens nie - waar Cassirer dit soek - maar dit lê in sy hoedanigheid as kind van God en in sy geskapenheid na die beeld van God.

## <u>HOOFSTUK 13</u> <u>SY MENSBESKOUING</u>

<u>1. Verskil tussen mens en dier.</u> In sy ontleding van wat die mens is kom Cassirer tot die gevolgtrekking dat daar 'n wesensverskil tussen die mens en die dier is.Hy grond sy argumente op die feit dat hy in die vergelyking tussen die mense- en dierelewe vind dat daar verskillende vermoëns, funksies, aktiwiteite, ens. by mense en diere analoog is, wat egter nie

81./ tot mekaar herleibaar ..